Skriflesing: Romeine 13:1-7; Efesiërs 5:22 – 6:9;
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 39**
Teks: Efesiërs 6:1-3
Sing- SAMESANG: Ps 93:1,4
TYDENS EREDIENS: Ps 25:6; Ps 86:6; Ps 2:6

Die vierde en die vyfde gebod het ons reeds ’n vorige keer gesien, broeder en suster dat hulle baie naby mekaar staan. In albei die gebooie word daar bepaal dit wat God gebied en nie soseer dit wat verbied word nie. Die begin van om die sabbatdag te heilig en die begin van om jou vader en jou moeder te eer word so met mekaar gebind.

Ons kan dit ook so stel dat die eerste drie gebooie staan saam, want daarin staan God sentraal. Die 1ste gebod wat die alles insluitende is dat daar in die plek van God of naas God niks anders kan wees waarop ons, ons vertroue stel nie. As God dan alleen as ware God erken word dan sal ons na Hom wil luister. Wie God nie alleen erken nie het eintlik homself/haarself klaar afgesny om dan ook nie die ander gebooie te erken nie. Die tweede gebod praat met ons Wie God as die enigste God bely dat ons Hom sal dien en eer soos Hy gedien wil word en dat ons niks sal doen wat aan sy eer en majesteit afbreek sal doen nie. Daarom verbied God dat Hy wat die Onsienlike is, dat ons nie ’n beeld van Hom mag maak om deur die beeld met Hom gemeenskap te hê nie. God laat Hom nie sien nie, maar God maak Homself wel bekend. Hy maak Hom deur sy Woord bekend.

Die gemeenskap wat daar vir ons met God kan wees gebeur deur sy Woord en deur sy Naam. Dit het reeds die oorgang gegee na die derde gebod. God gee vir ons sy Naam en Hy gee vir ons sy Woord, wat die waarheid is. Hierdie waarheid wat ons in staat stel om God nie net te ken nie maar dieselfde waarheid dien ook om ons lewens daarop te rig en te grondves. Die Here se toorn rus daarom geweldig swaar op een wat hierdie waarheid minag. God word dan in sy wese en in sy Naam gelaster. As die waarheid van God in diens van die leuen gestel word dan word die sement van die lewe gebruik om dinamiet te wees waarmee mense se lewens uitmekaar geruk word.

Die vierde gebod is nou die volgende oorgang waar God ook na die menslike samelewing oorkom. In die menslike samelewing moet God se dag geëer word en u vader en moeder

moet ook geëer word. Die een dag wat word die Sondag dra by tot die verlenging van dae vir hulle wat ma en pa eer. God se Naam bepaal God se dag, God se dag bepaal dat die beginsel van die Sabbat nou alreeds in geheel ons lewe toegepas moet word. Die Kategismus het dit mooi gestel dat **ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe kan begin.** Die rusdag moet ook al die ander dae beheer. So het ons reeds duidelik vanuit die Kategismus kon onderskei dat tussen kerk en skool daar nie skeiding mag wees nie.

Die dag waarop ek in besonder met God kan verkeer gee ook rigting aan die verkeer wat daar tussen ons as mense moet wees. So word alle verhouding in dieselfde tregter geplaas, wat natuurlik nêrens anders kan begin as by die huisgesin nie. Die gesin waarin die Here ons geplaas het is die eerste lewensverband en daarom moet my gesin-verhoudinge altyd voorop staan. Dit is dan alleen ook vanuit die gesin waaruit al die ander samelewings verbande tot my naaste gevorm word en wat alles insluit, die maatskappy, die handel, die politiek, my verhouding tot die staat, alles staan dan hierby ingelyf.

Wanneer ons hierdie ander samelewings verbande ingaan en ons neem daaraan deel dan kan ek dit nie anders doen as om te weet ek as lid van my gesin is hierby betrokke. En my gesin staan gebind aan die dag van God. Die skool van my kinders en die werk wat ek as ouer in belang van my gesin moet doen is gelyk in hierdie twee gebooie ingeskryf van eer jou vader en jou moeder en gedenk God se dag.

In Levitikus 19:3 word dit dan ook deur die Here bymekaar geplaas. Die Here maak die verbinding- *Elkeen moet sy moeder en sy vader vrees, en my sabbatte hou. Ek is die Here julle God.* Die vyfde gebod om gesag te erken dra met hom saam die Sabbatsgebod, die vierde gebod, waar die Sabbat dien as verbondsteken in hoe ek my aan hierdie teken verbind sal ook dien vir alle ander gesagsverhoudinge waaraan ek gebind moet wees. Hoe die kerke en skole in stand gehou moet word kan van die Here se dag en kan van my ouers nie geskei word nie! Dit gee die fondament vir ons hele menslike samelewing.

Die wyse waarop God in sy kinders se lewens regeer gebeur en begin deur ons ouers. God wil ons deur ons ouers regeer en ook deur al die ander mense wat God met gesag oor ons aangestel het. Dit alles het nog altyd met ons verlossing te make, en daarom is die vyfde gebod evangelies geskryf, soos al die ander gebooie. Dit staan alles hier tot ons voordeel en tot ons bevryding en word beslis nie gegee om ons te straf of dat ons moet swaarkry deur aan die 5de gebod gehoorsaam te wees nie.

Waaroor dit alles gaan handel oor die erkenning van gesag. Gesag wat so ’n belangrike deel van ons lewe moet wees, maar wat in baie gevalle na een van twee kante uitmekaar kan val. Die oorspanning van gesag waar dit kan ontaard in tirannie, dit is beslis nie wat die Here in die 5de gebod ons gee nie. Tog het die Here vir ons hierdie gebod gegee dat mense nie maar kan maak wat hulle wil nie. Waar mense in hulle liberale lewensbenadering geen gesag oor hulle wil erken nie en sulke mense in hulle eie losbandigheid verteer word.

Groen van Prinsterer die staatsman uit die vorige eeu het hier sulke waardevolle bydraes gelewer. Uit sy werk ongeloof en rewolusie word dit baie duidelik dat rewolusie ’n daad van ongeloof is. As jy die gesag wat God aan mense gegee het wil omverwerp dan spruit dit voort uit ongeloof en omverwerping van God se openbaring. In die tyd van die Franse Rewolusie het hierdie gedagte van alle mense is vry en alle mense is broers en is gelyk, juis het hierdie rewolusie soos dit die wêreld ingestuur is ’n bloedbad ontketen vir hulle wat gedink het hulle is so vry. Van Prinsterer stel dit baie duidelik dat teen die rewolusie kan daar net wees die evangelie. Die evangelie van God se bevryding wat heeltemal anders is as wanneer die mens dink om homself/haarself te bevry.

Die rewolusie soos dit nou nog aan die gang is… in die Suid-Afrikaanse politiek is dit springlewendig om voor te gee dat ons so ’n vry en demokraties saamgestelde samelewing is wat ons werklik nie meer ten volle aan God se Woord hoef te steur nie. Vir hierdie nuwe Suid-Afrika, was dit van dag nr 1 waarin mense gedink het om hulleself te bevry baie duidelik dat die reuk van die dood baie swaar oor ons land hang. Die ontbinding van die lewe is ’n proses wat voortduur want net so min soos wat ’n tiran

werklik hierdie land reg kan regeer net so min kan die een dit doen wat homself/haarself in allerhande vryhede en die kamtige natuurlike lewens ontplooiing verstik.

Wie nie werklik begin om gesag in sy goddelike oorsprong te erken nie maar die kamtig natuurlike mens, wat ons bely ’n haatlike mens is die bron van gesag te wil maak sal deur sy eie natuur en drange opgevreet word. In hoeverre het dit reeds ontaard om aan homoseksueles en dies meer wat kamtig in hulle natuur so geskape is die vryhede te gee wat hulle vir hulleself wil opeis. Dit is soos die wildgroei van ’n wingerd. As jy die lote nie snoei nie, broeder en suster dan kom daar al meer verwildering. Baie gou dan hang hierdie wilde vrugtelose lote so die wingerd vol dat die gesonde normale groei van ook die gesonde lote nie meer kan plaasvind nie. Oral sal jy dan sien so ’n wingerd se sterk en groter takke begin ook orals te vrek.

Die vyfde gebod staan juis geskryf waar daar nie rewolusionêre ontbinding moet wees nie maar die kragtige saambinding van gesag. *Eer jou vader en jou moeder*, daar begin alles. Pa en ma moet eweveel geëer word. Eer staan in die enkelvoud, hulle twee is een deur hulle huwelik, die gelyke eer behoort aan albei. Die woord om hulle te EER, is ook van besliste belang. Die woord EER is ’n woord met baie gelade betekenis.

Die Here sê nie dat ek my ouers moet liefhê nie, natuurlik is dit hierby ingesluit, maar dit gaan om hulle te EER, die feit dat dit eintlik ’n woord is hoe ek met God moet maak, ek moet God kan eer, dieselfde gelade woord wat my in verhouding tot God se heerlikheid stel, plaas my nou ook in verhouding tot hulle wat met gesag oor my moet dien. Die Hebreeuse woord vir EER is die woord(כבד kâbad kâbêd)kabood – Dit is ’n vaste uitdrukking wat altyd in verband met God se heerlikheid staan. Wanneer die wolkkolom bedags oor die ark beweeg het en die vuurkolom het in die nag oor die ark van die Here deur die woestynreis gegaan, dan het die wolkkolom en die vuurkolom God se teenwoordigheid en God se heerlikheid geopenbaar. Dieselfde woord vir wat die wolk en die vuur doen moet ons doen. In alle gesagsverhoudinge moet ek ook God se heerlikheid soek en Sy heerlikheid openbaar. Die werklikheid van God se heerlikheid en sy

teenwoordigheid hang hieroor, soos die wolk en die vuur oor God se ark. Die betekenis van die woord – kabood- hang ten diepste saam met dat dit vir my ’n gewigtige saak moet wees, dit gaan om iets wat nie maar ligtelik is nie, dit is ’n saak wat gewig dra.

Die verhoudinge wat in die 5de gebod geld kry hulle gewig van God af! God plaas die kroon op ons ouers se koppe. Daardie heerlikheid dat ek my ouers moet eer en so ook almal wat oor my gesag het, God het daardie heerlikheid op hulle gelê. Ons as ouers moet hierdie heerlikheid ook besef dat gesag gaan nie maar net oor gesag nie. Ek is jou pa en nou moet jy eenvoudig net maar luister nie. Deut. 6 gee ons die wonderlike geleentheid waar die Here ook aan ouers die opdrag gee om met hulle kinders hieroor te bly praat. Wanneer ek in die huis is, of wanneer ek oppad is, wanneer ek gaan lê en ek ook weer opstaan dan moet ek die gesag wat God as ouer vir my gegee het, ook hande en voete gee. Wanneer ek my kinders die Wet van die Here moet *inprent*, of ons Afrikaanse vertaling praat van *inskerp* dan moet ons kinders besef hulle sal net gesag werklik verstaan as die Wet reeds by hulle ingeskerp staan. Die gesag wat ouers oor kinders het kom van God af. Daar moet die kind dit ook besef en dit só aanvaar.

God Self skryf later in sy Woord van die pragtigste kommentaar op die vyfde gebod. Die boek Spreuke en ook Prediker is albei baie praktiese boeke. As ons mooi na die Spreukeboek kyk dan is daar so baie gedeeltes wat juis handel oor die verhouding tussen ouers en kinders en ook omgekeerd. Telkens dan begin die gedeeltes ook met die vader wat eintlik dit so diep huislik stel- my seun…Spreuke 6:20 is ’n goeie voorbeeld- *Bewaar my seun, die gebod van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie…bind dit gedurigdeur op jou hart, hang dit om jou hals, mag dit jou lei as jy wandel, oor jou wag hou as jy slaap en jou toespreek as jy wakker word…*Die Here openbaar in dieselfde Spreukeboek hoe dit ook sal gaan met ’n kind wat die 5de gebod verwerp- Spr. 20:20- *Wie sy vader of sy moeder vloek, sy lamp gaan in pikdonker dood…*Ook Spreuke 30:17- *’n Oog wat met die vader spot en die gehoorsaamheid vir die moeder verag – die kraaie van die dal sal dit uitpik, en die kuikens van die arend sal dit opeet.*

Spreuke en Prediker is ook heel realisties oor die lewe. Die Here weet hoe moeilik kinders dit baie keer ook vir hulle ouers maak. Daarom dat daar ook in Spreuke 22:15 die toestemming tot lyfstraf van God afkom- *As die sotheid vassit in die hart van die seun, die tugroede sal dit daaruit verwyder.* Spreuke 31 besing ook die feit as dit tussen ouers en kinders goed gaan. Dit is wonderlik vir daardie vrou in Spreuke 31:28 as sy mag weet dit is van haar wat gepraat word- *Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar.* Die seun wat op sy ma trots is gee die ma ook die trots op haar kind. Dit kom van die Here as die 5de gebod dit vir ons gee.

Die Prediker-boek net so prakties en realisties oor die lewe soos Spreuke dra nog ’n element by die 5de gebod by- Prediker wat die reëlmaat van die lewe erg ondervind. Die son gaan op en die son gaan onder. Elke dag van vooraf. Wat daar was sal weer daar wees…Die lewe is vir hom in baie opsigte so ’n heen-en-weer proses. In hierdie daaglikse heen-en-weer dinge sal jy nie verlossing vind nie.

En dan kom die vyfde gebod ook op die Prediker se lys- Daar in Prediker 10 kom dit duidelik op aan. Slawe wat op perde klim en hulle base wat voor die slawe moet kruip. Verlossing kom nie deur verskuiwing van gesag nie. Ons moet hier mooi op let. Prediker 10:5 praat eers van die dwaling wat daar van die maghebber uitgaan…en dan kom die punt waar hy sê- *ek het slawe te perd gesien en vorste wat soos slawe op die grond loop…*Die dwaling van die maghebber kom as hy sy mag nie reg gebruik nie, hy onderdruk sy onderdane, hy word ’n tiran en dan word hy dikwels in sy gesag gehoon en dit word omvergewerp.

Die krone rol maar gewoonlik is dit juis nog nie die oplossing nie. Die verlossing kom nie deur hierdie tipe verwisseling nie. As die mense uiters links hulle ellende beleef, dan begin die ultra-regses te roep dat hulle die oplossing het. Vinnig is dit ook net so onhoudbaar dat die mens weer na links begin roep. Prediker maak dit baie duidelik die verlossing lê nie in die verskuiwing van links na regs of van regs na links nie, die

verlossing lê ook nie in gematigheid nie, dit wat die sg. goue middeweg genoem word. Die gematigde mens sal altyd onder die stof geloop word, want daar bestaan nie só iets soos ’n goue middeweg nie. Die radikale klim maklik op so ’n perd en jaag daarmee weg. Weet u en hoe wonderlik sal dit wees as ons in hierdie land dit besef. Verlossing kom nie deur verskuiwing of selfs net ’n graad van verskuiwing soos in die land met magsdeling voorgehou is nie maar verlossing sal alleen kom deur radikale bekering.

Bekering van dit wat elke mens in homself is, een wat ’n rewolusionêr wese is. Die rewolusie stook die opstand en dit gee die teelaarde vir kamtig baie mooi gedagtes soos vryheid, gelykheid en broederskap maar die groot probleem is dat die rewolusie dra juis nie die kern van die evangelie saam nie. Die evangelie dra in sy kern die verbond en die vergestalting van die verbond is die sigbaarmaking van God se koninkryk, wat mense nie maar almal as klomp los sandkorrels oor die aarde versprei sien nie.

Wie die mensewêreld soos ’n los klomp sand sien daar is elke korrel los van mekaar en elke korrel gelyk. So dink elkeen ek is eintlik my eie baas en ek hoef my aan niemand te steur nie. Ek leef ook eintlik net vir myself. Dadelik gee dit die rewolusie sy bestaan Die wortel van die kwaad wat die rewolusie saamdra is om nie te besef wat God bedoel wanneer Hy deur sy verbond nie net mense aan Hom bind nie, maar ook aan mekaar bind. Die rewolusionêre lotgeval wil net in mekaar se lotgevalle deel, maar elkeen eintlik net ter wille van homself, hoe hulle eintlik mekaar kan gebruik om juis as individu boontoe te beweeg. Dit het met ware verbondsgemeenskap niks te make as God sy gemeenskap daarstel, sy koninkryk, dan gaan dit nie om elkeen ter wille van homself nie, maar in die gemeenskap van God waar dit om God se liefde gaan dan is ek hier ter wille van my naaste en nie ter wille van myself nie. Selfs is ek hier ter wille van hulle wat die gesag oor my van God ontvang het.

Gesag het met geloof te doen. Ek is nie aan my ouers gehoorsaam omdat hulle sulke goeie mense is nie. As ek hulle swakhede en sondes besef, dit wat in al ons ouers so baie

is, gee dit my kind die reg om dan nie langer die gesag te aanvaar nie. Gesag hang hoegenaamd nie van die mens af nie, my posisie, my status of my persoonlikheid nie. Gehoorsaamheid aan my ouers vra in die eerste plek of ek die boodskap van genade wat hulle vir my moet bring, glo. Gesag het alles met geloof te make. Glo ek waarlik dat God my ouers en die ander gesagdraers oor my aangestel het. Deur hulle te gehoorsaam, gehoorsaam ek vir God. God se wil moet eerste staan. Nie my as kind se wil nie, al wil 'n kind glo dat hy beter weet, dat gesag nie vir hom geld nie, so 'n kind stel dan sy wil nie teen sy ouers se wil nie, maar teen God se wil. Terwyl die kind wat hom/haar onder God se wil stel glo in die instellings van God.

Glo dat God hierdie gebod met 'n belofte tot my seën daar wil stel. In Efesiërs 6:2 benadruk die Here deur Paulus ook nog weer hierdie belofte. *Eer jou vader en jou moeder- dit is die eerste gebod met 'n belofte- sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde…* In aansluiting by die 4de gebod- dat daar vir jou baie sabbatte op aarde mag wees. As jy jou kind liefhet sal jy hom/haar tug. Die Here leer ons dat hy wat sy kind nie tug nie het hom nie lief nie (vgl. Spr.13) Wanneer ons dan ons kinders in die geloof opvoed en die kind besef die Here het vir my ouers gegee om eintlik vir my die lewe in Christus te gee, watter groter geskenk kan daar wees?! Om deur my ouers die lewe in Christus te ontvang. Niks wat daarmee kan vergelyk nie, geen geld wat dit kan koop nie. My kind moet verstaan dat sy gehoorsaamheid aan ma of pa staan in die Here. Gehoorsaamheid aan die ouers is tegelyk gehoorsaamheid aan die Here.

Die Here noem sulke gehoorsaamheid *reg.* Ef.6:1- *Kinders, julle moet julle ouers gehoorsaam wees <u>in die Here, want dit is reg.</u>* Al het ouers hoe baie gebreke, al is die kerkraad vol van mense met soveel dinge wat ons van mekaar kan slegpraat, al is die jong diaken nog so senuagtig, dit gaan nie oor wie hierdie mense is nie. Dit gaan net om God. Om Hom alleen en as ek weet God het iemand geroep dan mag ek dalk baie min van daardie persoon hou, maar ek moet die persoon eer ter wille van sy roeping. Die predikant het geen gesag in homself nie, ook nie die ouderlinge of die diakens nie, maar as besondere verteenwoordiger van Christus daarin het hy gesag. Dit gaan altyd om die

Sender, om Christus, nie om wie die persoon is nie. Dit moet ons goed besef! Aan sulkes gee ek eerbied omdat aan God die eer behoort. Watter geweldige verantwoordelikheid om ’n amp in Christus te beklee. Daaroor kan die preek nie voluit handel nie. As ek besef gesag en ontsag staan saam, dan het die 5de gebod so ’n heilsame boodskap Die bron van gesag, die handhawing van gesag, die onderwerping aan gesag, dan gaan dit elke keer om God en ter wille van God. Christus sê vir Pilatus dit reguit en duidelik- *U sou geen mag teen My hê as dit nie van bo gegee was nie…*Dit is van Jesus se laaste woorde op aarde voor Hy gekruisig was, laat hierdie woord vir ons betekenisvol bly, daar hang so baie daarvan af, ja jou lewe hang daarvan af.

AMEN

Vrae uit Sondag 39

1. Watter “kenmerke” verbind die 4de gebod en die 5de gebod aan mekaar? Vgl. Lev 19:3 – wat staan daar?
2. Waarom (waaruit) kan ons aflei dat die eerste drie gebooie saamgelees moet word?
3. Watter oorgang word daar deur God in die 4de gebod gemaak? (Vgl. p1 die laaste paragraaf).
4. Watter van ons verhoudinge (lewensverbande) moet altyd voorop staan?
5. Is daar enige samelewingsverband (gesagsinstelling) wat van die huisgesin losgemaak mag word?
6. Is daar enige gesag wat ingestel is om ons te straf of is God se gesag altyd evangelies?
7. Kan gesag misbruik word? Wat is die gevolg daarvan?
8. Wat is die ander uiterste as mense geen gesag wil aanvaar nie? Wat gebeur met sulke mense?
9. Wat is van die belangrikste dinge wat Groen van Prinsterer ons teen die Franse Rewolusie mee kon waarsku?
10. Wat is die enigste alternatief wat Van Prinsterer in die plek van die rewolusie gestel het?
11. Wat is van die grootste probleme wat in (die nuwe?!) Suid-Afrika veral sedert 1994 al hoe duideliker na vore begin tree het? Is hier ’n rewolusie in ons land aan die gang of nie?!
12. Watter besondere betekenis moet ons heg aan die woord – EER- ***Eer jou vader en jou moeder…***Watter besondere betekenis dra hierdie woord? (Vgl. p.4 laaste paragraaf)
13. Is die 5de gebod iets wat by ons as kinders ingeprent (ingeskerp) moet word? Motiveer
14. Watter besondere dinge word daar in Spreuke en Prediker rondom die toepassing van gesag na vore gebring?

15. Kan ’n mens in jou politieke nood verlos word deur blote verskuiwing (verwisseling) van regerings (gesag) van vêr regs na vêr links? Op watter wyse kan daar alleen (ook politieke) bevryding kom?
16. Wat is die kernprobleem wanneer gesagsverhoudinge nie meer as verbondsverhoudinge geglo word nie? (Vgl. p7 paragraaf 3)
17. Kan gesag en ware geloof van mekaar geskei word? Motiveer.
18. Aan Wie word werklik gehoorsaamheid betoon as ek aan my ouers gehoorsaam is?
19. Op watter besondere wyse verwys Ef. 6:1-3 na die verhouding tussen ouers en kinders?
20. Watter besondere uitspraak het Christus kort voor Sy kruisiging teenoor Pilatus gemaak?